# 12 LENTBESLUITE

25 TOT 31 MAART

**10. EK SAL HULLE WAT GOD VIR MY GEE KOESTER.**

*Liewe kinders, ons liefde moenie net woorde en lippetaal wees nie, maar moet met die daad bewys word, en dan in opregtheid. (1 Joh 3:18)*

*This is a large work I've called you into, but don't be overwhelmed by it. It's best to start small. Give a cool cup of water to someone who is thirsty, for instance. The smallest act of giving or receiving makes you a true apprentice. (Mat 10:41-42 Mes)*

*Out of respect for Christ, be courteously reverent to one another. Wives, understand and support your husbands in ways that show your support for Christ... Husbands, go all out in your love for your wives, exactly as Christ did for the church—a love marked by giving, not getting. Christ's love makes the church whole. His words evoke her beauty. Everything he does and says is designed to bring the best out of her, dressing her in dazzling white silk, radiant with holiness. And that is how husbands ought to love their wives (Ef 5:21-22, 25-28 Mes)*

*Eer jou vader en jou moeder—dit is die eerste gebod met 'n belofte — sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op die aarde. (Ef 6:2-3)*

*Hieraan sal almal weet dat julle my dissipels is, as julle liefde onder mekaar het. (Joh 13:35)*

*Anyone who neglects to care for family members in need repudiates the faith. That's worse than refusing to believe in the first place. (1 Tim 5:8)*

*Wie sy broeder wat hy gesien het, nie liefhet nie, hoe kan hy God liefhê wat hy nie gesien het nie? (1 Joh 4:20)*

*As daar dan enige troos in Christus is, as daar enige vertroosting van die liefde, as daar enige gemeenskap van die Gees, as daar enige innige tederheid en ontferming is, maak dan my blydskap volkome deur eensgesind te wees en dieselfde liefde te hê, een van siel, een van sin. Moenie iets doen uit selfsug of uit ydele eer nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself. Julle moet nie elkeen na sy eie belange omsien nie, maar elkeen ook na die ander s'n. (Fil 2:1-4)*

*Do not waste time bothering whether you 'love' your neighbor; act as if you did. As soon as we do this we find one of the great secrets. When you are behaving as if you loved someone, you will presently come to love him. (C. S. Lewis)*

Toewyding het met jou mense te doen.

As jy besluit om Jesus te volg is sy eerste uitnoding aan jou die uitnodiging na Homself toe. Daar waar jy sy liefde, genade en versorging kan beleef. Daar waar jy Hom leer ken. En ook daar waar Hy jou begin vorm om soos Hy te wees.

Die tweede uitnodiging (wat saam met die eerste uitnodiging kom) is wanneer Hy jou nooi om deel van sy liefdeswerk te word. Hy wil jou help om 'n mens te word wat groei in die kuns van liefhê. En hierdie kuns se heel eerste oefenplek is daar waar jou eie mense is. Jou lewensmaat. Jou kinders. Jou ouers. Jou vriende en kollegas.

Hoe oefen 'n mens jou in liefde? Soos enige ander oefening, begin dit met kleiner tree. Trouens, die kleiner liefdesdade moet nooit ophou nie. ’n Telefoonoproep. 'n Kompliment. 'n klein geskenk of guns. Hoe meer ek my oefen in kleiner gebare van liefde hoe meer sal ek toegerus word om groter dinge te doen.

Liefde is 'n aksiewoord lank voor dit 'n gevoelswoord is. Om te wag vir 'n gevoel van toegeneendheid sal die meeste kanse om lief te hê verlore laat gaan. Die raad van C. S. Lewis hierbo is wyse raad. Tree op asof jy liefde voel en jou gevoelens sal uiteindelik jou dade navolg.

Domineer jou emosies jou dade?
Sien jy klein, vriendelike gebare as deel van jou diens aan die Here?

Kyk hierdie week hoeveel klein dade van liefde jy intensioneel kan doen, veral in jou eie huis.

Here, help my om my eie mense te koester, en dan ook alle mense. Amen